

# SA Boerperd

Die perd vir die toekoms  
The horse for the future

2012













# Inhoud - Contents



**Drukwerk / Printing**  
Colourtech  
Posbus 44  
Bapsfontein 1510  
(011) 398-8700  
colourtech-info@icon.co.za

**Bladuitleg & Ontwerp**  
Page layout & design  
Lize Basson 083 381 9041  
lize@goudveldboerdery.co.za  
Stefan Venter 082 808 7667  
stefan@colourtech.co.za



**Foto's / Photographs**  
Voorblad / Front page:  
Sanlouw Kaprivi

Agterblad / Backpage:  
Klinker Rommel

**Redakteur / Editor**  
Sameul Louw  
louwvliet@lantic.net  
082 465 4725



**Uitgegee deur / Published by**  
SA Boerperdtelersgenootskap  
Posbus / PO Box 1060  
Bloemfontein  
9300

**Bestellings / To order**  
elize@studbook.co.za  
(051) 410-0952

*Die perd vir die toekoms - The horse for the future*





# Advertensies - Advertisers

## Stoete - Studs

• Aandag	Bl
• Boschendal	Bl
• Burgerstrots	Bl
• Calista	Bl
• Carel Hancke	Bl
• Devondale	Bl
• Disselboom	Bl
• Edel	Bl
• Ekeneb	Bl
• Eskol	Bl
• Falree	Bl
• Fynbos	Bl
• Fyntrap	Bl
• Hanzel	Bl
• Hoefstraal	Bl
• Janic	Bl
• Joop	Bl
• Jurust	Bl
• Kanniedood	Bl
• Kavalier	Bl
• Keeversfontein	Bl
• Klinker	Bl
• Lang Carel	Bl
• Langsig	Bl
• Louwvliet	Bl
• Madeira	Bl
• Maltrap	Bl
• Meer en Meer	Bl
• Michmar	Bl
• Paardekop	Bl
• Sanlouw	Bl
• Shiloh Boland	Bl
• Tiptol	Bl
• Tokoza	Bl
• Weners	Bl

Kopiereg 2012 Alle regte voorbehou

Geen gedeelte van hierdie boek mag gereproduseer word op enige wyse sonder die goedkeuring van die kopiereghouer.

Artikels mag slegs met die Redakteur se goedkeuring gereproduseer word.

Die standpunte en menings uitgespreek in hierdie publikasie is nie noodwendig die standpunt van die Redaksie of die Raad van die SA Boerperdtelegenootskap nie.

Copyright 2012 All rights reserved

No part of this book may be reproduced by any means without written permission of the copyright owner.

Articles may only be reproduced with the approval of the Editor.

The opinions expressed in this publication are not necessarily the views of the Editorial Staff or the Council of the SA Boerperd Breeders Society.

# Van die Redakteur

Dit het weereens tyd geword om 'n SA Boerperd Joernaal die lig te laat sien. Die Genootskap en die lede vra daarna, maar ook die perdewêreld en die publiek. Die "perdewêreld" het meer professioneel en kompetender geraak, maar steeds bly 'n liefde vir hierdie trotse dier die groot saambindende krag en motivering. Die SA Boerperd - wat bykans veertig jaar op 'n georganiseerde wyse bestaan - het sy kinderskoene ontgroe en 'n deeglike vastrapplek gekry tussen al die perderasse en dissiplines of ruitersporte in ons land. Met so 'n joernaal bied die Genootskap en sy lede met trots aan dit wat al bereik is, dit wat ons geniet en dit waartoe ons andere uitnooi om met ons saam te gaan. Om met perde besig te wees is amper iets soos voedsel vir die siel, stimulasie vir die gees, selfs 'n belegging in goeie gesondheid.

Hoewel die SA Boerperd, wat terloops baie ouer is as die stigting van die Genootskap in 1973, 'n trotse verlede het is daar ook 'n ander dimensie. As 'n inheemse ras is dit ons oortuiging dat die volgende al meer en meer waar word: 'n **SA Boerperd is die perd vir die toekoms!!** Sy veelsydigheid en aangepastheid by ons klimaatomstandighede en die groei oor die afgelope dekades bring ons by daardie oortuiging. Daarom wil ons in hierdie Joernaal die volgende tema belig: **VOORUITGANG**.

Ons word van hierdie vooruitgang bewus as ons in die argiewe gaan krap en ou foto's of artikels uithaal; as ons die destydse doemprofete aanhoor; as ons kennis neem van stryd en worsteling wat daar ook was. Maar dis meer nog die hede wat ons vul met dankbaarheid en trots oor die pad waarop ons tot hiertoe gekom het.

Die SA Boerperd Joernaal wil as't ware die pad vorentoe aandui deur die vooruitgang te belig met foto's, leersame en relevante artikels en stoetadvertensies.

Boerperdgroete

It is time for the SA Boerperd Journal's voice to be heard again. The Society and its members are asking for it, as well as the horse world and the public. The "horse world" has become more professional and competitive, but a love for this proud animal still remains the big binding power and motivation. The SA Boerperd - that has been existing in an organized way for about forty years - outgrew its childhood shoes and found a proper foothold between all the horse breeds and equestrian disciplines in our country.

With this journal, the Society and its members proudly present all our achievements, enjoyments, and shared events.

To work with horses is like food for the soul; it is stimulation for the spirit and even an investment in good health.

Even though the SA Boerperd - who is a lot older than the founding of the Society in 1973 - has a proud history, there is another dimension as well. As an indigenous breed it is our belief that the following is becoming more and more true: a

**SA Boerperd is the horse of the future!!**


Its diversity, adaptability to our climate and the growth over the past decades bring us to this belief. That is why we want to bring out the following theme in this journal: **PROGRESS**.

This progress becomes apparent when we go through the archives and take out old photographs or articles; when we listen to the old doom prophets; when we take note of the battles and struggles that also existed. But it is more the present achievements that fill us with gratitude and pride than the road that brought us here.

The SA Boerperd Journal would like to continue this journey of progress shown in the photographs, relevant educational articles and student advertisements.

Boerperdgreeting








# Handag Boersperd Stoot

**MARK & MICHELLE FILTER**

[mcfilter@gmail.com](mailto:mcfilter@gmail.com)

082 825 2837



# Boodskap van die President

S.A. BOERPERD, DIE PERD VIR DIE TOEKOMS

" 'n Ongepoleerde diamant" , so is die SA Boerperd jare terug beskryf deur 'n ou teler , mnr Kootjie Conradie. Hoe reg was hy nie. Nieteenstande al die doemprefete se besware en kritiek, het die ras gegroei tot een van die top vier in Suid Afrika. Die eerste veertig jaar was nie sonder stampe en stote nie, maar die fundamente wat deur die stigters gelê was, was solied en daar kon op gebou word. Danksy toegwyde lede het die genootskap gegroei in beide getalle en statuur.

Tans is die genootskap een van die vinnigste groeiende genootskappe by SA Stamboek, en is die SA Boerperd die derde grootste perdegenuootskap. Die ras se unieke eienskappe word al meer herken en erken, veral deur die kompeterende sportwereld.



S.A. BOERPERD, THE HORSE OF THE FUTURE

"An unpolished diamond", that is how an old breeder, Mr. Kootjie Conradie, described the SA Boerperd years ago. How right he was. Notwithstanding all the doom prophets' objections and criticism, the breed has grown into one of the top four in South Africa. The first forty years were not without its hiccups, but the foundations laid by the founders were solid and could be built on. Thanks to dedicated members, the Society has grown in both numbers and stature.

Currently the Society is one of the fastest growing societies in SA Studbook and the SA Boerperd the third largest horse society. The breed's unique qualities are increasingly recognized and acknowledged, especially by the competitive sports world. Gone are the days where the Boerperd was frowned

upon as just a farm horse. The diamond is shining more and more.

Verby is die dae waar die Boerperd as 'n plaasperd afgemaak word. Die diamant begin al meer en meer te skitter. Dit is veral in die spring en dresseer sporte waar die SA Boerperd al hoe meer deelneem en presteer. Die skolesport, SANESA, bied 'n waardevolle geleentheid wat die ras aangegryp het. Dit is dan ook die kindermark wat een van die genootskap se teiken area's is. Hier is 'n groot deel van die toekoms, letterlik en figuurlik. Die hoogte van die meeste van ons perde kwalifiseer hul as ponies, en dit is hier waar die uitstekende temperament en ryvermoë raakgesien word. Die atletiese vermoë en beweging maak die SA Boerperd 'n gedugte mededinger. Die veelsydigheid en lae onderhoudskoste van die ras maak hom 'n uiters gesogte belegging. Baie kinders gradeer op deur bloot 'n groter SA Boerperd te koop. Die geleentheid en marksegment is enorm en die SA Boerperd is besig om die leemte uitstekend te vul.

Die western sporte begin nou posvat in Suid Afrika en ook hier is die SA Boerperd reg vir die toekoms. Ons lede en per-

• upon as just a farm horse. The diamond is shining more and more.

• The SA Boerperd is participating and excelling more and more in especially the jumping and dressage disciplines. The breed embraced the valuable opportunity the school sport, SANESA, provided. Children are then also one of the Society's target markets. Here is a big part of the future, literally and figuratively. Most of our horses qualify as ponies, and this is where the excellent temperament and riding abilities are recognized. The athletic ability and movement make the SA Boerperd a formidable competitor. The versatility and low maintenance costs of this breed makes him a highly sought after investment. Many children grade by simply purchasing a larger SA Boerperd. The market segment and opportunities are huge and the SA Boerperd is busy filling the gap.

• The western sports are starting to take root in South Africa and the South African Boerperd is also ready for the future here. Our members and horses have already made a name



de het reeds naam gemaak in dié internasionale sportsoort. Miskien sien ons eendag 'n cowboy op 'n gebrande Boerperd. Selfs die tradisionele Saalperdsport, "saddleseat" ruiterkuns, word tans deur die SA Boerperd bedien. Die eerste internasionale kompetisie teen die Morgan Genootskap van Amerika is pas afgehandel en dit beloof om 'n jaarlikse instelling te word. Tydens die kompetisie word die twee rasse se veelsydigheid beklemtoon deur die feit dat die deelnemers op een perd aan drie dissiplines deelneem. In Suid Afrika is dié vorm van ruiterkuns oop gemaak vir alle rasse en die SA Boerperd het die geleentheid aangegryp. Dit bied 'n uitstekende geleentheid vir die tradisionele perde om hulself te bemark en veral die vyfgang perde kan hierby baat vind. Met die toekoms in gedagte is daar indringend na die keuringsproses gekyk en planne is beraam om die gehalte en ra-seienskappe van die ras te bewaar en te verbeter. Verskeie opsies word oorweeg. Een belangrikke toevoeging is die wetenskaplike meting van die bouvorm en beweging deur Dawn Mansfield. Die program is 'n eerste in die suidelike halfrond en ons vertrou dat dit ons ras verder gaan verbeter. Die keuringsproses bly 'n ononderhandelbare vereiste vir vooruitgang.

Om ras verder te beskerm word verwag dat al die diere se ouerskap deur DNA ontledings bevestig is voor die dier in die register opgeneem word. Hierdeur is die ras se rasgetheid en aansien in die perdedewereld gevestig en beskerm vir die toekoms.

Ook op die reklame veld lyk die toekoms belowend danksy die insig en harde werk van Jan Joubert en Liezelle Whitehead. Behalwe die gewone artikels en advertensies in tydskrifte word die nasionale kampioenskappe op televisie uitgesaai. Die grootste deurbraak is egter die verkryging van die uitsaaieregte en die samewerking met Sanesa op die medium. Dit gaan nie net die SA Boerperd elke dag in elke perde gesin se huis bring nie, dit gaan ook 'n eksterne bron van inkomste vir die genootskap wees. Al hierdie inisiatiewe het die gevolg dat instansies al hoe meer bereid is om by die genootskap betrokke te raak deur die projekte te borg.

Die groeipyne is grootliks uitgesorteer en 'n uitstekende infrastruktuur gevestig in die genootskap. Die toekoms kyk op alle gebiede rooskleurig. Die ras se uitmuntende eienskappe word nou erken en gebruik, die aanvraag na SA Boerperde word al hoe groter.

Die genootskap en sy mense is gereed om die diamante al hoe blinker te poleer.

M.D. Burger

in this international sport. Maybe someday we will see a cowboy on a branded Boerperd.

Even the traditional "saddle seat" equestrian sport is currently being served by the South African Boerperd. The first international competition against the Morgan Society of America has just been completed and it promises to become an annual event. During this competition the two breeds' versatility is highlighted by the fact that the participants can participate in three disciplines on the same horse. In South Africa this form of equestrian sport was opened to all breeds and the South African Boerperd took hold of the opportunity. It provides an excellent opportunity for the traditional horses to market themselves and especially the five gait horses can benefit from this.

With the future in mind the selection process has been incisively considered and plans are devised to preserve and improve the quality and breed characteristics of this breed. Several options are being considered. An important addition is the scientific measurement of the structure and movement by Dawn Mansfield. The program is a first in the southern hemisphere and we trust that our breed will continue to improve. The selection process remains a nonnegotiable requirement for progress.

To further protect the breed it is expected that all the animals' parentage is confirmed through DNA analysis before the animal is recorded in the register. By doing this the breed's pedigrees and standing is established and protected for the future. The future looks promising in the advertising field as well thanks to the insight and hard work of Jan Joubert and Liezelle Whitehead. Besides the usual articles and advertisements in magazines, the national championships are also broadcasted on television. The biggest breakthrough is the acquisition of broadcasting rights and the cooperation with SANESA on the medium. It is not only going to bring the SA Boerperd into every horse family's home, but it is also going to be an external source of income for the Society. All these initiatives have resulted in organizations becoming involved with Society by sponsoring projects. The growing pains are largely sorted out and an excellent infrastructure is established within the Society. The future looks rosy on all fronts. The breed's outstanding features are now recognized and used, and the demand for South African Boerperd is increasing.

The Society and its people are ready to polish the diamonds more and more.

M.D. Burger





# A2 & Burgerstrots

Michiel

Sel: 082 674 9595 E-mail: [mburger@vodanet.co.za](mailto:mburger@vodanet.co.za)


Frans

Sel: 082 442 8670 E-Mail: [frans.fransburger@gmail.com](mailto:frans.fransburger@gmail.com)

*Choose your Sport.....*

*We've got the Horse!*

From a smooth riding trail mount  
to a high powered performance Horse,  
The MB and A2 horse is the horse for you








## SA BOERPERD



GETEEL VIR  
GOEIE TEMPERAMENT  
& GEHARDHEID



Sel: 082 967 1808

Faks: 086 560 3879

[jjbosch@megawifi.co.za](mailto:jjbosch@megawifi.co.za)


Tel: 058 642 vra vir 2211



Die ideale plesier- en werksperd

# CALISTA

SA BOERPERD STOET



CALISTA



S.A. BOERPERD



**Charles & Ansia Campher**

Ladysmith, KZN • 083 631 3790 • [ansiac@gmail.com](mailto:ansiac@gmail.com)

# Carel Hancke SA Boerperd Soet



Die enigste stoet met  
verskeie Internasionale Kampioene



Wenner van die  
deelword in hand  
by Horse of the  
Year skou  
- alle rasse -

Manie Hancke  
082 7725108

Mandy Hancke  
083 3774262

Email  
[manie@carlhancke.co.za](mailto:manie@carlhancke.co.za)  
[mandy@carlhancke.co.za](mailto:mandy@carlhancke.co.za)

Web  
[www.carlhancke.co.za](http://www.carlhancke.co.za)



# Bykans veertig jaar . . . . . . en stewig gevestig

Deur Samuel Louw

Die Genootskap is gestig op 29 Oktober 1973 onder die naam *Boerperdtelersgenootskap van Suid-Afrika*. 'n Groepie perdeliefhebbers... pioniers... en mense wat vërsiende was - sonder dat hulle besef het - het op daardie dag bymekaargekom in die Memel Hotel op die dorpie Memel. Dit is nou bykans veertig jaar later, en die vraag kan met reg gevra word: Het ons vooruitgegaan?

*Wat kenmerkend is van die ontstaan en vestigingsjare, is veral twee dinge: daar was 'n stryd rondom die naam Boerperd; en daar is baie gepraat oor die eie en wieke aard en karakter, of identiteit, van die Boerperd.*

Tydens die stigting was daar alreeds die Boerperdtelersvereniging (vandag die Kaapse Boerperdtelersvereniging) en tussen die "vereniging" en die "genootskap" was daar baie struweling, om dit sagkens te stel. Vandag is albei gevestig met 'n eie identiteit en die bedoeling is geensins om ou strydbyle weer uit te haal nie.

## 'n Eie identiteit gevestig

Die vroegste notules en artikels in tydskrifte is interessant en werp lig op die fondasie wat gelê is, maar ook die vordering en vooruitgang wat die SA Boerperd oor bykans vier dekades gemaak het. Daar is blywende beginsels wat van die begin af daar is, maar daar het ook op 'n verantwoordlike wyse vooruitgang en vernuwing plaasgevind.

In die notule van die stigtingsvergadering is dit duidelik daar etlike rigtinggewende opmerkings gemaak en besluite geneem is. Dr Pienaar du Plessis meld dat die *perde verskil baie ten opsigte van bouwvorm, grootte en ry-vermoë en eenvormigheid moet so gou moontlik nagestreef word*. Oom Willem Odendaal wil weer *dat perde streng gekeur moet word en dat identifisering goed moet wees*. Oom Ockie van Niekerk het opgemerk dat *ons almal se doel is om 'n ou erfenis van ons voorvaders te bewaar, hoewel ons verskillende paadjies gewandel het, het ons almal dieselfde doel voor oë gehad*. Mnr Kobus van Tonder wys die vergadering daarop dat *die kommersiële waarde van die groter perd hoër is as die klein perdjie omdat die klein perdjie nie met die groter perd kan kompeteer in geskoolde dresering en spring items nie*. Hierop is Dr Will Radley se kommentaar *dat ons wel sentiment in gedagte moet hou, maar ons moet ook na die kommersiële sy van die saak kyk*. (Notule 29-10-1973)

*Hoewel van daardie opmerkings en besluite deur die pioniers getuig nie net van wysheid en vërsiendheid nie, maar is ook blywende beginsels wat vasgelê is!*

In die maande en jare wat volg op die stigtingsvergadering was daar 'n hewige polemie en pennestryd, veral in die tydskrif Landbouweekblad. Hiervan getuig opskrifte soos: *Rasegte Boerperd, hier is die ware feite* (LBW, 5 Maart 1974); *Natuur selekteer self dié Boerperde* (LBW, 5 Febr 1982).



In die briewekolomme het dit gegons. Kort na die totstandkoming van die Genootskap skryf 'n korrespondent in 1974 uit Pietermaritzburg met waardering: *Die ontstaan van hierdie genootskap is die grootste en mees edelmoedige poging wat nog aangewend is om die historiese Boerperd van ouds van algehele uitwissing te red*. 'n Persoon uit Pretoria het voorts opgemerk: *Dit was vir my 'n openbaring om 'n egte Boerperd te sien. Ek het ook gevind dat die Boerperdmense 'n soort van hulle eie is. Hulle is ware patriotte. Vir hulle is die perd nie net 'n bron van plesier nie, maar dis mense wat nog glo in die werklike waarde van 'n perd*. Dan was daar

Rasegte Boerperd —

**HIER IS DIE WARE FEITE**

**Net vier suiwer bloedlyne oor; net dertien telers van die werklike Boerperd**





LANG CAREL EGGO JAS van J.G. van der Wath, Welgelegen, Ermelo, was die kampioen-ryper (vrygang). Elizabeth van der Wath is die ruiters.

CAREL HANCKE DMLK van Maria Hancke, Skapskraal, Bethel, was die junior-kampioensreier.



WILLIAM BOMBERG van Brakpen drijf sy kampioensper-karperde. Anmarie Bito en Leekertry-Koelboot, om die baan.



MARIE HANCKE van Stekfontein, Bethel, sit hier in die seel op Carel Hancke Sierand, wat as die kampioen-ryper (driegang) aangewys is. Agter hom is Jennie Jacobus op Celeste Willem, die reserwekampioen (driegang).

# HISTORIESE BOERPERDE

Bykans 100 perde het vanjaar tydens Pretoria se skou aan die nasionale kampioenskappe vir Historiese Boerperde deelgeneem. Hier is die belangrikste kampioene.

TANDEM SUSSE, ook van Ross Swartpoel, was die reserwe-junior-kampioensreier.



J.G. VAN DER WATH het die kampioen-ambelstgperde vertoon. Sy dogter, Elizabeth, drijf hier vir Lang Carel Vlak.





ook die doemprefete. Iemand uit Robertson skryf: *Die Boerperdtelersgenootskap verkwis sy kragte as hy iets probeer bereik met sy klein klompie sogenaamde historiese Boerperde.* In 1980 het selfs die redakteur van die Landbouweekblad 'n suiwer in die armbeurs gewerp in sy gereelde rubriek *Soos ek dit sien, Manie.* Hy was die mening toegedaan soos verwoord in die opskrif: *Boerperd het 70 jaar gelede al verdwyn.* Hy is bewus van die stryd tussen die "vereniging" en die "genootskap" en suggereer die volgende: *Wil dié twee kampe nie maar handskud en besluit om saam 'n Suid-Afrikaanse perd te teel nie? Vergeet van die benaming Boerperd en sy voor-Vryheidsoorlogse aanspraak en teel 'n eie perd uit die mengelmoes teelmateriaal wat daar is.*

## Die naam Boerperd

Van die begin af was die woordstryd: Wat is 'n Boerperd? Is daar iets soos 'n suiwer of rasegte Boerperd? Is die naam Boerperd nie maar net 'n versamelnaam vir enige Suid-Afrikaanse plaasperd nie?

Omdat daar 'n "Boerperdtelersvereniging" en 'n "Boerperdtelersgenootskap" was, was die naam Boerperd sentraal in die hele debat. Wie kan nou eintlik aanspraak maak op die naam, is gevra. Daar is uit ons geledere met die SA Stamboekvereniging onderhandel oor affiliasie en telkens het die naamkwessie na vore gekom. Iewers moes 'n weg gevind word. Op 'n Raadsvergadering op 22 November 1977 doen 'n afvaardiging verslag van hulle gesprek met Stamboek en die destydse Landbou Tegniese Dienste. Hulle meld dat *'n besluit om ons naam te verander, en ook om al die perde by F1 te begin, ons kans baie verbeter het* (Notule 22-11-1977). So 'n deurslaggewende besluit sou egter moes wag tot by 'n volgende Algemene Vergadering.

Op 'n Spesiale Algemene Vergadering in die Royal Hotel te Bethlehem het die naamkwessie ter sprake gekom. Daar is is die moontlikheid genoem dat die naam Boerperd prysgegee moet word. Die Kaapse perd? Die Hantamperd? Die Pionierperd? Dit was moontlike name wat genoem is. Die destydse President, dr Will Radley, was vooraf baie besorgd en ontsteld daaroor dat die naam Boerperd moontlik in die slag kan bly. *Op voorstel van Ds WF Louw, gesekondeer deur Mnr JP Botha word met 'n tweederde meerderheid besluit "dat hierdie genootskap in die toekoms bekend sal staan as die Historiese Boerperdtelersgenootskap en dat ons ons beywer vir die suiwer teling en veredeling van die Historiese Boerperd"* (Notule 24-01-1978).




**Spesiale aankondiging**

"Dit is met genoë dat ek kan aankondig dat ons perderas, die Historiese Boerperd, ná 25 jaar weer as die SA Boerperd bekend sal staan – dié inheemse perderas van Suid-Afrika. Ons is verheug dat die naamsverandering deur die SA Stamboek-, die Veeverbeteringsvereniging en die Registrateur van Veeverbetering goedgekeur is. – Mnr. Carel Jacobsz, president van die SA Boerperdtelersgenootskap.

Met so 'n duidelike onderskeid het ons perderas vir etlike jare bekend gestaan as die Historiese Boerperd en die naam was betekenisvol, veelseggend en nodig in die tyd toe verwarring nog geheers het.

Saam met die groei en vooruitgang van die Genootskap het nuwe stemme na vore gekom. Die Historiese Boerperd se groei het uitgebrei oor die hele RSA en sy unieke inheemse en nasionale karakter het as't ware onbetwis geraak. Op 'n Algemene Jaarvergadering is dit Mnr Carel Jacobsz wat die opmerking maak: *Ons het ons naam verander na Historiese Boerperd, maar is dit wat ons regtig wou hê vir ons perd?* (Notule 22-05-1984)

Hierna sou samesprekinge met SA Stamboek etlike jare duur. Dit is merkwaardig dat Mnr Carel Jacobsz wat die naamkwessie weer opgehaal het, juis die persoon was wat tydens die herdenking van die Genootskap se 25 jarige bestaan, as President van die Genootskap, 'n spesiale aankondiging kon maak: *"Dit is met genoë dat ek kan aankondig dat ons perderas, die Historiese Boerperd, na 25 jaar weer as die SA Boerperd bekend sal staan – dié inheemse perderas van Suid-Afrika. Ons is verheug dat die naamsverandering deur die SA Stamboek-, die Veeverbeteringsvereniging en die Registrateur van Veeverbetering goedgekeur is."* (Bylae in Landbouweekblad, 8 Mei 1998)

Hiermee was die naamkwessie besweer, die SA Boerperd gevestig om van krag tot krag te gaan. Die groei, vooruitgang en prestasies van die SA Boerperd die afgelope aantal jare het die kritici en doemprefete verkeerd bewys. Op 'n ouderdom van bykans veertig jaar kan ons sê: die kinderskoene is ontgroeï en "volwassenheid" is bereik; ons unieke identiteit is gevestig en die toekoms bied vele uitdagings vir die SA Boerperd!

**Die SA Boerperd is inderdaad dié perd vir die toekoms!!**



“ ... the twenty-four elders fall down and worship the One sitting on the throne (the One who lives forever and ever). And they lay their crowns before the throne and say, ‘You are worthy, O Lord our God, to receive glory and honor and power. For you created all things, and they exist because You created what You pleased.’ ”

Strewe na perfekisie



**Devondale**  
Strive for perfection

Strive for perfection



**A new era begins...**

*Johan de Klerk*

Sel: 082 495 2957

E-puz: devondaleagri@gmail.com





# Groundwork & Basic Dressage

Jan van Deventer

## What is Dressage?

For some it is a passion, but for others it is a series of complex mysteries, inaccessible to the uninitiated, or at least something to get over as soon as possible. Dressage is an art, it's a sport, but the bottom line is - it is training. Even the word "dressage" is derived from the French verb "dresser" meaning for animals, "to train".

Forget the misconception that Dressage is all about movement, even "tricks". Call it flatwork, call it Dressage, "it" is essential training for a horse to be successful in any sphere.

Everyone who rides has some contact with Dressage as a basic training strategy for horse and rider that not only makes riding more pleasurable but also safer.

Over and above the training of the horse the first priority is to train the rider. He must be able to give commands to his horse and follow the movement of the horse without interfering with or disturbing the horse's balance. That is to say he must have an independent seat.

The seat of the rider is the single most important factor that can influence the performance of the horse. Imagine yourself trying to execute simple gymnastic exercises with an unstable weight attached to your back. It will be virtually impossible to just walk in a straight line.

I have studied the training methods of various "legends" of horse riding such as Colonel Alois Podhajsky, Dr Reiner Klimke, Major George Ivanowski, Harry Boldt to name a few, and they all lay great emphasis on the balance of both horse and rider. There can be no unity between horse and rider if one of the partners doesn't have balance.

So before going off half cocked and blaming your horse for not responding to your aids, first ask yourself, "Am I in balance with my horse when asking a certain movement?"

One of the essential principles of riding is to have the horse "on the bit". Only when the horse is on the bit, can he offer his back to the rider and engage his hindquarters and in doing so make the forehand lighter.

- The rider must have an independent seat (balance).
- The horse must work in balance, engage his hindquarters and carry the rider on a rounded back.
- The horse must be on the bit with a light elastic contact on the rider's hands (self-carriage).

The rider should never try to seek contact with the horse's mouth by pulling at the reins, which would check impulsion. The horse should seek the contact from the rider's hands.



The immediate success of the contact is shown in the position of the horse's head and the position and carriage of the head are the utmost importance for balance.

The position of the head depends on the degree of training and on the tempo of movement. Much also depends on the conformation of the horse; a horse with strong neck muscles and tight in the gullet will have to overcome certain difficulties, and will be able to follow the riders demands only after the muscles have become accustomed to the work. The position of the head must be allowed more freedom in the first stage of training and in the faster paces, that is to say, the neck must become longer, must stretch forward more and become lower.

With horses in an advanced stage of training and in the collected paces the line of the face should be more or less vertical while the neck should be more arched. The young horse should be allowed to adopt that position of the head in which he finds it easiest to contact the bit and carry the rider's weight quietly and willingly without excitement. As the strength and proficiency increase, the horses head and neck will be raised to a position in which a line drawn from the nose to the hip will be parallel to the ground and the poll will be the highest point of the arched neck.

With all this said, let us take a look at what influence "Dressage" has on other disciplines.





### Show jumping

The show jumper who wins against the clock does it because his horse is quicker of the rider's aids, more supple to make tighter turns and can lengthen or shorten his stride more easily to cope with different distances.

### Eventing

In my opinion this is the most "complete" sport of all classical equestrian events. The Spanish translation maybe says it best: "Prueba Completo" which literally means "Complete Test".

The event horse must be very fit, very disciplined and absolutely on the aids. Two of these prerequisites can only be achieved by Dressage. I don't think it is necessary to elaborate further on this discipline because it speaks for itself.

### Polo / Polocrosse

These two disciplines, strange as it may seem, come very close to the object of Dressage. Although the horses don't work in a classical Dressage frame, they work with their necks down and low, engages their hindquarters and responds well to their riders weight and leg aids while being light in the hand.

Although these two sports are played at high speed and is very excitable, the good Polo or Polocrosse horse will still have calmness about them that enables the rider to get the most from them chukka after chukka.

### Showing

Here we refer to the classical English Showing. The discipline is closely related to Dressage except for the size of the arena. The horse is expected to carry his rider on a rounded back, engaged hindquarters, high head carriage and light in the hand. The horse should have lots of presence, obedience and be a pleasure to ride.

### Endurance Riding

Contrary to common believe amongst the majority of endurance riders it is essential that these horse are able to do the basic Dressage exercises. It is essential for these horses to change their leads in a canter, through the trot or flying change on a straight line. This saves time and energy.

The horse should be able to extend and collect their strides with the minimum of effort from the rider. A supple horse, working forward and down with its neck into a soft contact will rarely if ever suffer from lower neck spasms because of bad riding methods.

Because the long hours that is spent in the saddle it is important that the endurance rider has an independent balanced seat, to enable him to assist his horse over rough terrain and not become a burden to him.

### Conclusion

The "how" and "how much" of Dressage a horse needs depends on the discipline the rider is going to participate in. It will be senseless for example to teach an endurance horse the passage or piaffe. It is however essential for any horse in any discipline to be able to lengthen and shorten its stride and frame on command with the least amount of effort from the rider.

Jan van Deventer, is a SANEF riding instructor and former head of the SADF Equestrian Centre at Potchefstroom.  
He can be contacted at 082 876 4904, or or3@lantic.net



# DISSSEL BOOM STOET

SA BOERPERD



David de Wet  
0828752814

Bethal-kriel distrik

[disselboombdy@gmail.com](mailto:disselboombdy@gmail.com)



SA Boerperd

**Edel Stoet**




Paul Bosman  
+2782 377 7270

Epos:  
bosmanp@lantic.net  
sandra@edelstud.co.za

Sandra Bosman  
+2782 550 1212

**“We see what others don’t see yet”**



**UDO BENEKE**

Sel: 082 797 8088

E-pos: [ekeneb@absamail.co.za](mailto:ekeneb@absamail.co.za)


Posbus 13

Lüneburg

3183



# Vrystaat





# FALREE


## SA Boerperdstoet

Ian Olivier

Plot 42  
Kooffontein  
Midvaal

Ian 082 3354714  
Gina 07 16071069  
falree@holivierboerdery.co.za

We breed modern performance horses, without compromising on the traditional traits - wich make this breed so remarkable.



# *Mpumalanga*



# Vyfgang

Lötter Bekker

In SA Boerperd geledere was vyfgang perde nog altyd 'n veel besproke en gewilde onderwerp.

Alhoewel dit so is dat die dissipels van hierdie dissipline ietwat meer gespesialiseerd van aard is, bly dit ongetwyfeld 'n hoogtepunt in toeskouers waarde, en staan selfs die kritici graag nader met waardering wanneer dit korrek en kompetend gery word.

Dit blyk dus dan dat as gevolg hiervan, (sowel as die feit dat die ondervinding wat 'n goed afgerigte vyfgang perd aan sy ruiter verskaf verslawend kan wees) die vyfgang perd toenemend deel van die SA Boerperd se toekoms sal uitmaak

Uit die staanspoor moet belangstellendes daarop let dat daar 'n paar faktore is wat die vyfgang SA Boerperd onderskei van ander rasse en skou dissiplines in die groter vyfgang sfeer.

Die fondasie van hierdie onderskeid lê in die feit dat, alhoewel die perde tereg met baie flambojansie in die skouring vertoon word, die evaluerings kriteria vir al vyf gange in 'n gebruik perspektief lê. Met ander woorde, faktore soos rygemak, volhoubaarheid van gange en praktiese aanwending tel hoog op die prioriteitslys. Basiese dinge soos bv. 'n suiwer platvoet stap sowel as 'n perd wat sy rug gebruik in gange terwyl hy nie met sy ruiter veg of hom vermoei nie kom tot gedagte sou iemand 'n definisie van praktiese aanwending vra. (*Steady, smooth and consistent*)

Die perd wat dus hierdie kwaliteite met flambojansie en trots kan vertoon is dus 'n gewenste SA Boerperd vyfgang kandidaat

## Kies die regte perd

Die begin lê daarin om die einde te verstaan.

As voornemende vyfgang ruiter/afripter is dit belangrik dat jy 'n duidelike weergawe van die finale produk in jou gedagtes het voor jy begin. 'n Skrynwerker bv. spring nie in en saag en timmer net planke met die hoop dat daar 'n mooi stoel sal uitkom nie. Hy beplan, teken, meet en weet presies wat hy waar wil en moet doen voordat hy die eerste plank saag. Hy besluit ook vooraf op die regte tipe hout wat die taak waarvoor hy stoel maak volhoubaar sal kan verrig.

Net so is dit met 'n vyfgang (of enige) perd. Weet waarheen jy oppad is voordat jy begin. Vir ruiters/afripters wat nuut is tot die dissipline sal dit raadsaam wees om 'n goed afgerigte vyfgang perd te ry sodat hy/sy die gevoel en ritme beter sal verstaan.

Noudat jy 'n goeie idee het van hoe dit moet lyk wanneer jy jou perd gaan ry en ook hoe dit moet voel kan 'n perd vir die taak geïdentifiseer of aangeskaf word.

Kies 'n perd wat vir jou die maksimum "return on effort" gaan gee

Of jy 'n jong perd begin van voor en of dit 'n perd is wat al jare onder saal is. Daar is drie basiese dinge wat deur die bank geld met seleksie vir 'n vyfgang perd.

1. **Temperament** - Hierdie punt word maklik en algemeen met mak en/of lui verwar. Ek sou die temperament van 'n goeie vyfgang perd as volg beskryf: gehoorsaam, fluks en dapper.
2. **Atleet** - Werklike prestasie van 'n vyfgang perd (soos in enige kompeterende dissipline) vereis goeie fisiese kondisionering en dan ook daarmee gepaardgaande inspanning. Kies 'n perd met goeie lende en agterkwart bespierung asook sterk hakke. Let op balans en vlugvoetigheid wanneer die perd los beweeg.
3. **Bek** - Alhoewel die bron van 'n swak bek meestal met punte 1 en 2 hierbo gepaard gaan en die probleem tussen die ore lê, of as gevolg van gebrek in agterkwart en/of rug sterkte ontstaan, moet dit op hierdie stadium genoem word dat 'n vyfgang perd se loopbaan so lank hou soos sy bek opgepas word. Dit is van toepassing op die skou sowel as plesier en gebruik vyfgang perde.

Nie alle perde kan vyf gange (die gesamentlike gebruik van suiwer diagonale en laterale gange) bemeester nie. Dit beteken dus dat die primêre onderskeidsfaktor geneties van aard is. Vyfgang perde, of eerder perde met die genetiese vermoë tot vyfgang, is redelik algemeen in die SA Boerperd as ras. Dus behoort dit nie 'n stuikelblok te wees nie.

*Weet waarheen jy oppad is voordat jy begin!!*



Dit gesê, is dit raadsaam vir die onervare koper/teler om te kyk dat daar ten minste een of twee perde in sy kanidaat se stamboom is wat self, of waarvan daar nageslag is wat, in vyfgang gepresteer het. (Op die skou of plaas).

Wanneer mens jong perde vir die taak evalueer is dit belangrik dat die perd suiwer kan draf. Verkieslik moet die perd wanneer hy los beweeg, in die stap en draf, baie min tot geen neigings tot laterale gange toon nie.

Ek weet van suksesverhale wat anders om gewerk het maar om 'n perd te leer draf is ongewens, verg gespesialiseerde kennis en vat baie tyd.

Alhoewel daar verseker indikasies tot 'n perd se vermoë tot vyfgang is wanneer hy los beweeg lê die bevestiging daarvan eers wanneer hy onder saal is.

Daar bestaan teorieë dat perde met genetiese geneigdheid tot vyf gange nie suksessvol vir ander dissiplines aangewend kan word nie aangesien hulle maklik passierig of lateraal raak onder kolleksie. In my opinie is dit nie die "vyfgang gene" wat hier die probleem is nie, maar eerder 'n gebrek aan balans en ritme, hetsy natuurlik of as gevolg van afrigting.

Nie almal glo daarin nie, maar ek is 'n groot voorstaander daarvan dat 'n perd eers vas in drie gange geskool of gery moet word.

Of die einddoel nou 'n skou vyfgang is of slegs 'n lekker trippelaar op die plaas is, is dit belangrik dat ruiter en perd mekaar deeglik verstaan voordat daar na die afrigting van die ekstra twee gange oorbeweeg word. D.w.s die perd moet sonder twyfel al die funksies en tekens van stap, draf en gallop en stop (halt) deeglik verstaan en in balans kan uitoefen.

Die eenvoudige rede hiervoor is omdat die voorstelling aan die laterale gange nuwe vereistes aan die perd se balans en ritme stel en dit is belangrik dat ordentlik hierop gefokus kan word en dat die ruiter nie bv. met die perd se bek moet veg om hom tot stilstand/beheer te bring wanneer hy dalk balans sou verloor en as gevolg hiervan versnel of sy kop omhoog gooi nie.

Meer belangrik is dat, soos genoem, daar eise aan nuwe spiergroepe en beenbewegings in die perd se liggaam gestel word. As sy rug en balans al ontwikkel is deur 'n jaar of twee se driegang ry sal die perd die nuwe bewegings baie makliker baasraak en ook suiwerder kan uitoefen aangesien hy die minimum hoef te kompenseer vir dit wat hy moeilik vind om te doen.



Baie belangrik vir 'n vyfgang SA Boerperd is 'n goeie suiwer platvoet stap waarin die perd deur sy rug werk en die ruiter se hande aanvaar. Dit is 'n teken van 'n vorentoe perd ("forward going") wat gemaklik met sy ruiter is en die stang aanvaar.

## Afrigting

So, wanneer jou perd dus gemaklik is in sy drie gange en die basiese goed van stap, draf, gallop en stop deeglik ken, kan jy begin beweeg daarheen om die ekstra twee ratte by te leer.

Alhoewel kortgang die vierde van die vyf gange is, is dit my opinie dat 'n perd eers moet leer trippel. Wanneer hy dit goed kan doen, word die kortgang bygeleer. 'n Ware, korrekte kortgang verg baie kolleksie en 'n gevorderde vlak van skoling. In alle vyfgang dissiplines word 'n stadige trippel baie dikwels met 'n kortgang verwar.

Daar bestaan baie teorieë en metodes hoe om 'n perd die eerste keer aan gange voor te stel soos bv die gebruik van hoof beslag of om die perd teen 'n gradient/helling te ry. Die waarheid is dat resultate baie sal wissel van perd tot perd en die ruiter moet met basiese 'trail en error' vass-tel waarmee hy/sy resultate bereik. Die algemene ooreenstemming is dat die perd uit die stap geleer word. Sukses word ook vinniger behaal wanneer die perd in die veld (uistry) geleer word in teenstelling met 'n ryskool of arena.

Druk hom om so vinnig moontlik te stap en breek dan sy ritme deur sonder om die pas af te haal die perd effe te kollekteer (weer belangrik dat perd deur gery moet wees) of sy balans slegs te versteur deur fleksies teen die stap ritme te doen. Wees aandagtig om lig in die perd se bek te bly en met 'n sagte elomboog die teuels te hanteer.

Die perd sal 'n paar laterale tree gee en dan in 'n draf inbreek of weer stap. Laat hom toe om sy balans deeglik te herwin en deur sy rug te stap en probeer dan weer. Die perd moet elke keer die laterale tree vir 'n entjie langer hou. Soos die weke verby gaan, sal die nuwe beweging vir hom al hoe makliker raak en sal hy dit later vir langer afstande kan volhou. Gebruik elke keer die selfde teken/woord/opdrag wanneer vir die gang gevra word sodat dit vir die perd duidelik is wat jy ver wag.

Moet op hierdie stadium nie bekommerd wees oor aksie of styl nie. Wat nou belangrik is, is dat die perd sy ritme suiwer vind en dit hou wanneer in die laterale gang gery word. Let egter daarop dat die perd nie pas nie.

Soos die nuwe gang die spiere kondisioneer en die perd dit konstant kan doen vir lang ononderbroke ente, kan die ruiter/afri gter begin spoed bysit. Moedig die perd aan om elke dag so bietjie vinniger te gaan. Wees geduldig en vra slegs vir bietjie ekstra elke dag. Stop en begin oor as die perd onsuier raak of ritme verloor. As die ruiter op hierdie stadium die gang onsuier maak agv te veel en te vinnig, vra skep dit 'n komplekse en tydsame situasie om te herstel.

Perde wat se trippel natuurlik baie suiwer is en dit maklik bemeester kan later in hulle loopbaan/lewe weghardloperig raak in die trippel as hulle te vinnig vir spoed gedruk is in die vroeë stadiums van afrigting. Laat 'n haastige perd vir jou wys hoe vinnig hy wil gaan. Die twee nie onderhandelbare vereistes waaraan hy egter konstant moet voldoen is om suiwer en lig in die bek te bly.

Dissipline en gehoorsaamheid bly van kardinale belang.

Wanneer jou perd goed kan trippel en vir lang ononderbroke stukke die trippel suiwer en teen 'n wenslike spoed kan volhou, kan die ruiter/afri gter se daaglike sessies styl begin in ag neem. As die skoling in die driegang deeglik was sal dit maklik wees om aanvanklik net 'n mate van kolleksie by te voeg wanneer hy trippel. In meeste gevalle is dit makliker vir perd en ruiter om kolleksie in stap by te voeg, en dan die gang teken te gee.

Sodra die perd die kolleksie aanvaar sal sy aksie meer uitkom, wat dit so half 'n 2 in 1 oefening maak. Onthou dat werklike kolleksie inspanning verg, so hou weereens aanvanklike sessies matig. Onthou deurgaans dat suiwer ritme van uiterste belang bly. Behalwe vir die suiwer 1-2-3-4 vierslag ritme is 'n goeie barometer ook dat dit moet glad wees. Sodra dit ongemaklik in die saal raak moet die





ruiter weet daar is fout.

Die wat 'n perd vir die skou voorberei sal merk dat namate die agterkwart en rug versterk, sal die beweging en aksie van die perd ook verbeter. Oor die algemeen maak trippel n perd se skouers los wat maw vir hoër en langer tree in die draf ook sal sorg.

Wanneer die ruiter/afrigter voel die perd is reg om op die skou te gaan trippel, kom die tyd om die kortgang by te voeg.

'n Korrekte kortgang se ritme wissel baie definitief van die van 'n trippel. Slegs perde met baie goed ontwikkelde lende asook agterkwart krag kan dit korrek uitvoer. Kortgang geskied onder baie kolleksie en is 'n duidelike vier slag gang met 'n tussenpose in die middel: 1 - 2 -- 3 - 4

Vra die perd om te trippel maar voeg ekstra kolleksie by wanneer hy in die trippel is vra hom om dit stadiger te doen maar met meer energie. (weereens belangrik dat perd kan kollekteer en ruiter se hand aanvaar) na mate hy stadiger werk met 'n hoë vlak van kolleksie en energie is dit wenslik dat die perd in 'n opwaartse raam ry. Mense is lief om te verwys daarna dat die perd gaan sit. Dit sal nie dadelik gebeur nie maar wanneer die perd begin korrek kortgang sal die ruiter, behalwe die verandering in ritme, voel dat die perd se rug binne perke begin wieg.

Wees baie versigtig vir pas aangesien dit maklik voorkom wanneer stadig gery word onder strawwe kolleksie. Wanneer die perd dit gemaklik kan doen kan daarvoor direk uit die stap gevra word.

Oor die algemeen moet die ruiter waaksaam wees teen die versoeking om, veral as die perd al gevorderd is en dit lekker kan doen, nie die ander drie gange af te skeep nie. Doen steeds gereeld draf, stap en gallop oefeninge.

Veral as die perd geleer word verg dit tyd, inspanning (vir perd en ruiter) en geduld. 'n Nuweling vyfgang perd moet ten minste 4 keer per week gery/gewerk word.

Uiteindelik glo ek dat as mens die regte perd kry, hom suksesvol tot 'n goeie vyfgang perd afrig en hom so kan geniet, is dit 'n ondervinding wat jou die res van jou lewe bybly, asook 'n groot seën.

Die wat al daar was, sal weet waarvan ek praat....

Lötter Becker kan gekontak word by of 082 905 0585 of (012) 480 2081



***Eskol Boerperd Stoet, tuiste van merkwaardige vos, vaal en palamino perde.  
Geteel van die oorspronklike Odendaal Boerperd bloedlyn.  
Uitstekende temperament, bouvorm en beweging, uitblinkers in alle dissiplines.***



Kobus Odendaal by  
083 456 5705 / 056 622 3205  
Carina Shaw by 082 7727686



A photograph of a brown horse running through tall, golden-brown grass. The horse is in the center of the frame, facing forward. In the background, there is a green field, some trees on the left, and a range of blue mountains under a clear sky. The entire image is framed by a dark red border.

# FYNBOS

Tielman Roos

Riversdal

083 261 6630



# Voeding van perde in afrigting

Deur Dr Francois Van Niekerk

Die perdebedryf raak daagliks meer kompetend in terme van prestasie. Die renperd bedryf is die grootste, gevolg deur Saalperde en dan ook die opkomende uithouritsport. Al drie dissiplines is uiters kompetend en perde se vermoëns word tot die uiterste beproef. Om dit moontlik te maak moet die perd oor 'n goed ontwikkelde kardiovaskulêre, pulmonêre, endokriene- en senuweestelsel beskik om die goed-ontwikkelde spierstelsel te onderhou. Om dit alles moontlik te maak benodig die liggaam energie wat gesinkroniseer deur die verskillende sisteme gebruik kan word.

Spierweefsel is een van die belangrikste komponente in die liggaam. Spierweefsel beslaan die grootste weefsel massa in die perd se liggaam. Daar is verskeie tipes spierweefsel wat verskeie funksies verrig.

## Spier tipes

Die drie spierklassifikasies sluit in *gladde*, *hart* en *skeletspier*. Die eerste twee is onwillekeurige spier wat beteken dat hulle funksioneer soos die behoefte in die struktuur ontstaan. Skeletspier in teenstelling is willekeurige spier en is onder beheer van impulse afkomstig van die brein deur die senuwee sisteem. Gladde spier kom voor in die spysverteringskanaal, respiratoriese stelsel, sirkulatoriese stelsel en urogenitale stelsel en reageer op stimuli in in die onderskeie sisteme. Hart spier bestaan uit atriale en ventrikulêre spier asook gespesialiseerde geleidings weefsel en word deur die sentrale senuwee sisteem beheer.

## Skelet spier

'n Enkele spier is saamgestel uit verskeie spierbundels bestaande uit verskeie spier vesels. Daar is twee klassifikasies vir hierdie spier vesels naamlik Tipe 1 en Tipe 2. Die stadig sametrekkende Tipe 1 vesels word hoofsaaklik gebruik deur perde betrokke by ligte aktiwiteit. Die vinnig sametrekkende Tipe 2 vesels word gebruik deur perde met atletiese aktiwiteit soos renperde, saalperde en uithourit perde.

Die stadig sametrekkende oftewel stadig vurende Tipe 1 vesels oksideer nie die vesel energie vinnig nie en tree dus energie-besparend op wat meebring dat die vesels nie vinnig uitgeput raak nie. Die vesel is dus aerobies en word vir langtermyn swaar werk aangewend. In teenstelling met Tipe 2 vinnig vurende vesels gebruik spier energie gou op waarna spier uitputting intree. Tipe 2 vesels word onderverdeel in Tipe 2A en Tipe 2B. Tipe 2A vesels word gebruik vir spoed of toenemende swaar aktiwiteit. Tipe 2B vesels word gebruik vir volgehoue spoed tot op die punt waar die anaerobiese energie benodig word as energie bron.



Die energie bron van hierdie spier vesels is n kombinasie van glikogeen (die hoofvorm van koolhidraat berging), glukose (suiker) en vet. Wanneer die perd begin draf word die Tipe 2 A vesels gebruik en wanneer hy begin hardloop die Tipe 2 B vesels. Meer glikogeen word nou afgebreek deur die proses van glikolise na glukose en word benut in die produksie van energie.

Spier vesel tipes is die produk van genetika en volgehoue oefening			
Tipe perd	Tipe 1	Tipe 2 A	Tipe 2 B
	Stadig vurend, Gebruik Vet, koolhidrate, en suurstof	Vinnig vurend, Gebruik Vet, koolhidrate, en suurstof	Vinnig vurend, Gebruik slegs koolhidrate en suurstof
<i>Uithourit perde</i>	40%	55%	5%
<i>Sprinter</i>	6%	54%	40%
<i>Ponie</i>	20%	40%	40%
<i>Renperde</i>	12%	53%	35%
<i>Arabier</i>	20%	50%	30%
<i>Quarter horse</i>	8%	50%	42%

### Spierbeserings en abnormale metabolisme

Beserings van spier weefsel kan die vermoë van werkverrigting nadelig beïnvloed. Daar bestaan verkeie vorme van spier wanfunksie as gevolg van glikogeen wat in spiere opbou maar nie benut kan word deur die perd nie. Die toestand word na verwys as "Polisaggardie bergings miopatie" (PSSM). Hierdie diere moet alternatiewe bronne van energie ontvang soos vette en goeie kwaliteit hooi.

### Voeding van die werkende perd

Dit is duidelik dat die verskillende spier weefsel tipes verskillende nutriente gebruik. Dit is waarom proteien, vette, koolhidrate en goeie kwaliteit maklik verteerbare vesel in kombinasie gebruik word om 'n gebalanseerde rantsoen te produseer.

Vet kan vir alle tipes perde as energie bron gebruik word. Meer vette kan in die rantsoene van perde met tipe 1 vesels (uithouritte, werk ens) ingesluit word in vergelyking met naellopers aangesien hulle koolhidraat vlakke meer belangrik is. Vet het 2.25 keer meer energie as dieselfde eenheid koolhidrate. Vette kan maklik vir die daaglikse onderhouds behoeftes aangewend word en sodoende kan die koolhidraat gedeelte die glikogeen store in die spier en lewer weer vul (ongeveer 7% van totale lewer massa). Dit kan 3 tot 4 dae neem om die glikogeen reserwes weer op te bou in die geval waar onderhouds energie uit vette verkry word.

By die punt waar die verbruik van ATP die produksie daarvan deur aerobiese aktiwiteit oorskry neem die anaerobiese metaboliese baan oor met die produksie van meer melksuur wat spieruitputting tot gevolg het en noodgedwonge die prestasie van die dier inperk. Perde met n skoon lugweg, normale mierale balans, normale rooisel telling en geen gewrigsprobleme presteer onder hierdie voedingsomstandighede beter.

### Proteien

In terme van die verterings stelsel van die perd kan dit as enkelmaag dier gesien word ten opsigte van proteien (amino suur) behoefte. Verseker dat die proteien in die rantsoen genoegsame essensiele amino sure bevat. Hierdie amino sure help met groei, spierfunksie en spier ontwikkeling. Hierdie amino sure sluit in lisien, metionien, triptofaan en treonien. Metionien is veral saam met Vitamien E betrokke by spiermetabolisme. Goeie proteien bronne sluit in sojaboon meel, volvet soja meel asook vismeel. Sintetiese amino sure kan ook gebruik word.

### Energie

**Koolhidrate:** Mielies word algemeen beskou as die beste bron van koolhidrate. Hawer bevat minder koolhidrate maar die groter veselinhoud maak hawer 'n veiliger voer deurdat grootderm asidose nie maklik bereik word nie.

### Vette:

Alhoewel die gebruik van vette toenemend in perde voeding gebruik word moet dit onthou word dat die perd nie oor n galblaas vir die berging van gal beskik nie. Galsoute help met die solibulisering van vette vir die lipase werking in die dunderm. Daarom is dit belangrik dat vette stelsel matig by die perd se rantsoen geïnkorporeer moet word. Vette wat algemeen gebruik word sluit in koring olie, canola olie, soja boon olie en gehidroliseerde vette (droe vette). Met hierdie verhoogde vet inname moet daar ook anti oksidante by die voer





ingemeng word om die vette te beskerm teen oksidasie en galsterigheid.

Indien vette wel gebruik word moet die insluitings peil nie meer as 7 - 10% wees nie. Diere op rantsoene met n hoe vetinhoud moet eers in die oefen program aangepas word om die vette beter te kan metaboliseer. In sekere gevalle van uitgerekte ritte kan vette die hoofbron van die perd se energie raak. Dit is ook al bewys dat perde op hoe vet rantsoene na oefening hoer bloed glukose vlakke het. Waar vette oor voer gegiet word kan smaaklikheids probleme ondervind word.

#### **Vitamiene**

Dit is bekend dat die vetoplosbare vitamiene (A,D,E,en K) in die liggaam opgeberg word vir toekomstige gebruik terwyl die wateroplosbare vitamiene nie in substansiele hoeveelhede geberg word nie.

**Vitamiën A** speel n belangrike rol in die onderhoud van epiteel selle, hoewe en nagsig. **Vitamiën D** help met die kalsium metabolisme van die dier. **Vitamiën E** is noodsaaklik vir spierfunksie. Die **B vitamiene** is primer betrokke by die energie metabolisme en word deur die mikrobiale flora in die sekum gesintetiseer in genoegsame hoeveelhede om in die perd se behoeftes te voorsien. Moet nooit oormatige hoeveelhede vitamien supplemente aan perde gee nie. Voer n toepaslike vitamien voormengsel of raadpleeg n voedingskundige.

#### **Minerale**

Kalsium, fosfaat, natrium en chloor is die primere minerale by die perd in terme van prestasie. **Kalsium en fosfaat** is betrokke by verskeie funksies wat insluit been groei en vorming, senuwee geleiding, spierkontraksie, energie metabolisme ens. Jong perde in afrigting benodig meer Ca en P as ouer perde in afrigting. Die verhouding van Ca:P in enige rantsoen moet altyd so na as moontlik aan 'n 2:1 verhouding wees. **Natrium en chloor** is belangrik in die onderhoud van die osmotiese en suur: basis balans in die liggaam. **Selenium** is belangrik in spiermetabolisme en veral in die voorkoming van spier uitputting en herstel. **Jodium** funksioneer as deel van die hormoon tiroksien wat die totale metabolisme van die liggaam reguleer.

#### **Aanbevelings vir die voer van perde in afrigting**

Die belangrikste om te onthou is dat soos die perd se aktiwiteit toeneem net die energie inname verhoog behoort te word. By werkende perde is die konsentraat gedeelte van die voeding gewoonlik 50 % of meer. Die stalbestuur van diere met sulke hoe graan innames moet goed wees aangesien hierdie tipe voedingstelsel makliker tot metaboliese steurnisse of koliek aanleiding gee. Sorg altyd dat genoeg ruvoer en skoon drinkwater beskikbaar is. Ongeag hulle werks funksies bly perde individue ten opsigte van hulle gedrag, voedingsbehoefte en uiteindelijke prestasies. Dit word weereens bevestig dat hierdie gegewens bloot riglyne is. Dit bly ons verantwoordelikheid om toe te sien dat ons perde die regte voeding ontvang.

Die skrywer Dr Francois van Niekerk kan gekontak word by

francois@nubalance.co.za

Vir verdere informasie besoek [www.nubalance.co.za](http://www.nubalance.co.za)



**Fyntrap SA Boerperdstoet**

**Fyntrap Kaptein**

**Hentle du Plessis**  
Tel: 082 3392663 - Leseltonels  
Tel: 021 5712993 - Sutherland

**Goede temperament en beweging**



HRH

# Hanzel Stoet


Posbus 596 Harrismith 9880




Hanzel Agent



Calista Champagne



Hanzel Arnold



Lang-Carel Dakar



Hannes Hattingh

t: 083 659 4250

@: hannes@megawifi.co.za

Rozelle Hattingh

t: 082 415 9374

@: rozelle@megawifi.co.za











# Hoefstraal

S.A. Boerperd Stoet

Postnet Suite # 58  
Privaatsak x68  
Vanderbijlpark  
1900

Kontakpersoon: Piet Grove  
E-pos: [petrogrove@mweb.co.za](mailto:petrogrove@mweb.co.za)  
Tel: 082 551 3221 / 083 301 1633



Michmar Gan Gan

Hoefstraal Zambesie



Opstaan Hoefstraal

Michmar Dolfyn

Lang-Carel Viceroy

*Fotografie van links: Deon Kromm (082 093 1990)*

# Boerperde - Ons Passie - Ons Trots



Hoefstraal

De Hoefstraal



Pandan Elodie

Fotografie en ontwerp: Dina Harris 082 893 7990



# So word die Boere Cowboys . . .

As ons van Rodeo praat is Amerika, springende bulle en wilde perde die eerste wat in jou gedagtes op kom. Maar Rodeo is nie 'n onbekende sport in Suid Afrika nie en word reeds van die vroeë 80's in Suid-Afrika beoefen. Vanaf Gauteng Streekskou gaan dit ook op SA Boerperdskoue aangebied word. Rodeo behels meer as net springende bulle en brancos.

Rodeo SA bestaan uit twee kompeterende afdelings nl **Rough Stock** en **Western Speed events**.

**HOOF RODEO DISCIPLINES** (Die Rough Stock, soos dit in die Rodeo gemeenskap bekend staan)

- i) Bull Riding (Bulle wat met 'n bokspringgordel spring. Ruiter moet Bsek baaly)
- ii) Bareback Broncos (Perde wat met bokspringgordel spring. Ruiter moet Bsek baaly)
- iii) Saddle Broncos. (Perde word halter gery. Ruiter moet Bsek baaly)

**ADDITIONELE RODEO DISCIPLINES** (Rough Stock maar deel van die *Western Speed Events*)

- i) Breakaway Roping    ii) Steer wrestling    iii) Team Penning  
iv) Team Roping       v) Tie Down Roping    vi) Wild Cow Milking

Die "Pick-Up-Men" en "Bull Dodgers" in die Ring tydens die "Rough Stock" kategorie is twee belangrike komponente wat nie oor die hoof gesien moet word nie. Die Bull Dodgers is soos 'n rodeo nar wat die diere se eendag van die ruiter af trek en ook die aar beskerm deur dit van die reulings weg te hou. Die Pick-up-men en hul perde is verantwoordelik vir die veiligheid van die Bronco- en Bulruiter. Nadat die ruiter Bsek op die bronco of bul was kom twee pick-up-men langs die perd/bul in om die ruiter af te help en na veiligheid te besorg. Dit is 'n gevaarlike en skouspelagtige werk, waar die perd en ruiter mekaar eekhondert persent moet vertrou. Pick-Up-Men in ons land kan behoortlik op een hand getel word. Een van hulle is van Boerperd gelere nl. Jareo Blydskap en sy ruiter Fika Nel.

Parade by rodeo



Pick-up-man




# Western Speed Events

RODEO DAE WORD REÛDEUR DIE JAAR AANGESIED. MET TOESTEMMING VAN DIE BETROKKE BOESPEREKLUBS KAN DIT DOK TYDENS 'N BOESPERE SKOU GEHOU WORD. DIE VIER SPOED-ITEMS IS:

- i) Drom Resies      ii) Paaltjie Vleg      iii) Sleutelgat Resies      iv) Vlag Resies

Al die Westerse dissiplines word volgens die internasionale PRORODEO standaarde uitgemeet. Alle tye word elektroniese geneem. Wanneer die perd die ingang verbygaan aktiveer die perd die elektroniese tydsisteen en wanneer die perd weer deur die ingang uitgaan deaktiveer die tydsisteen. Hierdie reëls is deur Rodeo SA aanvaar en is uiteengesit in ons Nasionale Reëlboek.

## Dromresies



Drie dromme word hier in 'n piramide gepak. Die ruiter moet in 'n klawerbloer formasie links of regs om die dromme ry en elke keer sy of haar spore kruis.

Hier is dit belangrik dat jou perd ewe goed naderbei kante kan draai so 'n jaaggalop.



## Paalvleg Resies



Ses paaltjies word in spesifieke afstand van mekaar gesit. Die ruiter gaan teen die paaltjies af op 'n jaaggalop draai om die onderste paaltjie vleg terug tussen die paaltjies deur tot by die boonste paaltjie, dan weer om die boonste paaltjie, vleg terug na die onderste paaltjie, en kom uit op 'n jaaggalop.

Die perd moet baie soepel wees en sy ly bene verwissel (flying change) tussen elke paaltjie kan doen.




Al vier hierdie dissiplines word teen tyd gery en indien 'n ruiter enige van hierdie hindernisse omstomp, laat val of uittrap word daar 'n vyf sekonde tydstraf bygevoeg. Alternatiewelik, indien die ruiter en perd die patroon breek, word hulle gediskwalifiseer.

Daar word in ses afdelings deelgeneem n Leiriem, Loerskool, Hoerskool, Domes, Mans en 100kg Hardy-Cap. Geaffilieerde ruiters moet aan 'n minimum van vier byeenskomste in een jaar deelneem, die ruiters se beste vier tye word gebruik om sy gemiddelde tyd te bepaal.

Slegs die Top 10 ruiters in elke afdeling word uitgenooi om aan die Nasionale Kampioenskappe deel te neem.

## Vlagresies




Twee dromme word 30,48m uit mekaar geplaas. Die een drom het vyf vlaggies in. Die ruiter moet links- of regsom die vlaggies een op 'n flag van die een na die ander drom skuif.

Hier is dit baie belangrik dat jou perd nie vir die vlaggies skrik raak en dat julle nie die dromme omry of die vlaggie laat val nie.





## Sleutelgat



Die baan bestaan uit 'n sirkel met 'n ingang wat soos 'n sleutelgat lyk.

Jou perd moet ingaan op 'n joeggalop en doed stop (Sliding Step), 180° links of regs omdraai en uitkom op 'n joeggalop- sonder om die hys te raak.



# Boerperde presteer

Die SA Boerperde wat gereël aan Rodeo SA goedgekeurde byeenkomste deelneem, plaas elke keer onder die Top 10 in hul onderskeie afdelings. Die SA Boerperde se intelligensie, vlugvoetigheid, spoed en temperament maak hierdie 'n gesogte perd vir westerse speletjies en rades. Hierdie perde is so veelsydig dat slegs een perd vir al vier Westerse dissiplines gebruik word, en in al vier dissiplines kompeterende tye ry.

SA Boerperde wat gekwalifiseer het vir Nasionale Kampioenskappe 2011

Naam van Perd	Ruiter	Afdeling	Faaltjie Vleg	Sleutelgat	Vlag Resies	Drom Resies
Mahashi Le Noel	Riana le Roux	Dames	5de 31.05sek	3de 12.83sek		3de 23.64sek
Gloorwin Rommel	Aaric Krifzingel	Laerskool	2de 26.87sek	3de 15.9sek		3de 32.9sek
Jarec Blydskap	Fika Nel	Mans	8ste 33.24sek	3de 8.98sek	5de 49.08sek	7de 24.06sek
Edel Eplidit	Nico Pienaar	Mans	1ste 24.10sek	1ste 8.08sek	1ste 42.24sek	1ste 21.29sek

Edel Eplidit is as Groot Kampioen in al vier dissiplines aangewys is.

SA Boerperde onder die top 10 in 2012

Naam van Perd	Ruiter	Afdeling	Faaltjie Vleg	Sleutelgat	Vlag Resies	Drom Resies
Opsteun Gecood	Lariska van Staden	Hoërskole	3e 28.33sek	2e 8.87sek	4e 54.68sek	4e 32.84sek
Modem Volk	Arno Bernard	Hoërskole	8ste 33.78sek		8ste 57sek	4e 39.01sek
Vasant Kaggel	Cara Grech	Dames	4de 60.05sek	4de 17.11sek	3de 57sek	4de 39.10sek
Jarec Blydskap	Fika Nel	100kg Handi-cap	1ste 29.74sek	2de 10.67sek	2de 59.1sek	2de 25.11sek
Edel Gaps	Barend Du Toit	100kg Handy-cap	2de 32.7sek	1ste 9.93sek	1ste 66.6sek	1ste 21.88sek
Edel Eplidit	Nico Pienaar	Mans	1ste 30.59sek	1ste 8.83sek	1ste 42.84sek	1ste 20.55sek
SAB Krog Martiens	Divan Myburg	Mans	10de 41.39sek	10de 19.37sek		10de 41.02sek

Enige persoon kan aan 'n Rodeo SA byeenkoms deelneem. So 'n persoon se tye word op ons databasis gehou vir die eerste drie byeenkomste van die betrokke jaar, waarna so 'n persoon deelneem. Na drie byeenkomste moet so 'n persoon egter besluit of hy kompetierend of nie kompetierend wil deelneem. Indien nie, val so 'n persoon se tye weg. Persone wat wel kompetierend wil deelneem kan dan by Rodeo SA Affiliseer.

Om te affiliseer moet so 'n ruiter by 'n geaffiliseerde klub aansluit en deur die klub by Rodeo SA Affiliseer. Die SA Boerperde Telersgenootskap is reeds by Rodeo SA geaffiliseer.

## Kontak besonderhede van Rodeo SA

Sekretaresse: Riana le Roux  
 Cell No: 072 7633 672  
 E pos: [info.rodeosa@gmail.com](mailto:info.rodeosa@gmail.com)



© 2012 JEEP. ALL RIGHTS RESERVED. JEEP IS A REGISTERED TRADEMARK OF CHRYSLER GROUP LLC.



Jeep  
JOURNALS



WE STRIVE FOR THE BEST FOR EACH OF OUR LABORS.  
OUR REWARD IS **YOUR** SAFETY WITH THESE PASSIONATE CREATURES.



# Kunsmatige Inseminasie by perde

Deur Dr Niel Moelich

Die KI van perde met bevrore (nie-gevriesde) semen is 'n prosedure wat al meer gewild word en selfs verkies word deur beide eienaars van merries, asook eienaars van hingste. Meeste waardevolle hingste het atletiese verwagtings in die arena en dus verkies hings eienaars om natuurlike dekkings te vermy of te vervang met kunsmatige semen kolleksie waar die hings se kans vir noodlottige beserings drasties verminder. Hingste word geleer om "kunsmerries" te spring en semen word dan deur middel van 'n kunsvagina gekollekteer en dan verder verwerk.

Baie eienaars het 'n wan-persepsie van die tipe semen wat gebruik word as dit by die inseminasie van perde kom. Tydens meeste van die navrae omtrent die inseminasie van perde wat ek ontvang, kom dit duidelik na vore dat baie mense dit met bees inseminasies wil vergelyk en dink dat alleenlik gevriesde semen gebruik word. Dit is egter 'n baie kleiner persentasie van perde inseminasies waar daar gevriesde semen gebruik word. Die meerderheid van perde inseminasies word egter met verkoelde semen gedoen. Ek voel dit is dus noodsaaklik om eers die verskil tussen gevriesde semen en verkoelde semen te verduidelik.

## Gevriesde semen

Semen wat verkry is na 'n kolleksie sal ontleed en verwerk word, in strooitjies opgetrek word, waarna dit deur 'n bevroerings proses geplaas word. Tydens hierdie proses word die semen strooitjies in vloeibare stikstof (-196°C) gedompel. Hierdie semen strooitjies kan dan vir 'n onbepaalde tydperk (baie jare) geberg word in vloeibare stikstof houers. Gevriesde strooitjies kan dan enige tyd ontdooi word deur dit in waterbad teen 37°C te plaas vir ten minste 30 sekondes waarna die inseminasie van 'n merrie kan plaasvind.

Huidiglik verkry ons nog nie die selfde bevroerings resultate in vergelyking met bees semen nie, heel moontlik as gevolg van die kompositionele versille tussen die semen van die 2 spesies. Swakker resultate in terme van die persentasie van sperme wat die vriesproses oorleef en die lanklewendheid na die ontdooi van sperme word by hingste gevind. Dit is dus vanselfsprekend dat gevriesde / ontdooide semen KI baie naby aan die merrie se ovulasie moet geskied. Dit maak gevriesde semen KI baie meer gespesialiseer, en duur, aangesien die merrie se siklus baie meer noukeurig gemonitor moet word.

## Verkoelde semen

Semen sal na kolleksie ontleed en verwerk word waar 'n verdunningsvloeistof bygevoeg word wat die sperme sal voed. Hierdie semen verdunnig word dan stelselmatig afgekoel tot +- 5°C. Dit word dan in 'n spesiale transport houer geplaas wat die semen verdunning by +5°C sal hou en kan dan verskeep word, hetsy per koerier, spoedpos of lugpos. Verkoeling van verdunde semen vir transport is oor die algemeen baie suksesvol as die aanvanklike kwaliteit van die semen goed is, 'n goeie verpakings tegniek gebruik word en uiteindelijke inseminasie van die merrie nie vertraag word na 24 uur vanaf semen kolleksie nie. Daar is wel hingste wat goeie dragtigheids syfers verkry wanneer verkoelde semen tot 72 uur na kolleksie eers gebruik word vir inseminasie.

'n Enkele ejakulaat van gemiddelde semen kwaliteit behoort genoeg te wees om 5 merries te kan insemineer indien nie meer nie. Die lanklewendheid van verkoelde semen na inseminasie is baie beter as gevriesde semen en dit gee ons dus die voordeel om lank voor ovulasie te insemineer. As 'n reël probeer ons om nie langer as 24uur voor verwagte ovulasie te insemineer nie alhoewel daar al in uiterse gevalle dragtigheide verkry was tot 72 uur na inseminasie.

Maar hoe weet ons wanneer n merrie gaan ovuleer en hoe word dit prakties gedoen??

Daar is n paar maniere om so 'n inseminasie proses aan te pak:

### 1) 'n Uiters gelukkige en seldsame manier

Ek was besig om wond te heg en verbind op 'n merrie se been toe die eenaar vir my vra " Ek sal nou seker met haar moet teel terwyl ek haar moet tyd afgee vir die besering? ". Ek vra toe wanneer laas sy in seisoen was.

Hy antwoord toe dat sy ongeveer 'n dag terug begin "wys het" en dat die wond juis as gevolg van haar manewales langs die hingskamp was. Ek het 'n inwendige ultraklank van haar baarmoeder en eierstokke gedoen en vasgestel dat sy wel in seisoen was en dat sy nog ongeveer 48uur ( 2dae ) het voor ovulasie. "Dink jy ek kan haar met daai mooi ingevoerde hings in Stellenbosch KI? " Dit was 'n hings wat hy al op 'n paar skoue en op die internet gesien het en hy was van mening dat die hings sy spesifieke merrie se bouvorm en beweging sou komplimenter.

Ons het 'n paar oproepe gemaak en was gelukkig genoeg om semen te kry. Die hings was daardie selfde middag gekollekteer, die semen is van Kaapstad na Johannesburg gevlieg en ons het die merrie die volgende dag geïnsemineer. Sy was 2 weke daarna dragtig bevestig en die vul is nou die plaas se spoggerigste perd!

Hierdie is 'n uiterste geval waar n paar bepalende faktore baie mooi in plek geval het. Dit gebeur ongelukkig nooit so maklik nie!

## 2) Hormoon voorbereiding en sinkronisasie van merries


### A) Op die eenaar se perseel, sonder veelvuldige ultraklank ondersoeke

Hierdie is 'n inseminasie protokol wat " blindelings " gedoen word. Merries word op sekere dag of dae na hormoonvoorbereiding geïnsemineer. Eenaars wat 'n paar merries wil insemineer met dieselfde hings kan die tipe sinkronisasie protokol volg.

Merries word hormone binnespiers gespuit, vir 10 dae opeenvolgend. 80 tot 85% van merries behoort dan tussen dag 19 en 22 na die aanvang van die hormoon voorbereiding te ovuleer. (fig 1). Daar sal 'n klein persentasie van merries vroeg ovuleer dws voor die inseminasie. Party veeartse sal voorstel dat daar 2 keer geïnsemineer kan word, op dag 18 en dag 20. Dit moet individueel aangepas word met kennis van die hings se semen lanklewendheid en dan ook die koste implikasies van 2 keer se inseminasie. Die meerderheid van hierdie "blinde" programme sal inseminasie op dag 19 geskied met die toediening van 'n hormoon om ovulasie te versnel terselfde tyd. Hings eenaars kan dan 'n tentatiewe kolleksie datum bespreek en seker wees dat die hings wel beskikbaar is.

Hierdie is 'n goedkooper manier van doen in die opsig dat die merries se siklusse nie elke dag gevolg word dmv inwendige ultraklank ondersoeke nie, en die inseminasies "blindelings/ ongeag" gedoen word op 'n vasgestelde tyd wanneer meeste merries veronderstel is om reg te wees. Onthou net, " NIE ALLE MERRIES HET DIE HANDBOEK GELEES NIE!!"

Hierdie protokol kan verfyn word vir beter resultate deur die merries te laat ondersoek op dag 17 of 18 deur jou veearts. Sodoende kan die inseminasie tyd aangepas word. Dit het natuurlik die koste implikasie van 'n addisionele ondersoek vir elke merrie maar kan resultate drasties positief beïnvloed



### B) Inseminasie by 'n Reproduksie Sentrum, met daaglikse ultraklank ondersoeke

Hierdie protokol kan gebruik word waar eenaars beter resultate wil verkry as met die " blindelings " inseminasie.

'n Merrie kan by die sentrum afgelaai word met of sonder hormoonvoorbereiding.

Hormoonvoorbereiding vir 10 opeenvolgende dae kan by die eenaar se perseel voltooi word en die merrie kan dan verkieslik voor dag 15 na die sentrum vervoer word. Die merrie word dan daaglik ondersoek om sodoende vas te stel wat die beste inseminasie tyd is. Soos vroër bespreek sal meeste merries op dag 19 na die aanvang van hormoonbehandeling reg wees vir inseminasie maar deur hulle siklus daaglik te volg kan ons die merries wat vroër of later ovuleer se inseminasie tyd aanpas. Inseminasie vind dan plaas so naby as moontlik voor ovulasie wat dragtigheids resultate drasties verhoog. Dit is ook belangrik om vas te stel of 'n merrie wel geovuleer het na inseminasie en of daar miskien vloeistof akkumulاسie in die baarmoeder is wat dan verwyder moet word.

Wanneer 'n merrie sonder hormoonvoorbereiding by 'n sentrum opdaag kan veeartse ook 'n eenmalige hormoon toedien (Prostaglandiene), wat die merrie in seisoen kan bring mits sy nie binne die laaste 6 dae in seisoen was nie. Daar word dikwels na dit verwys as die engelse term " short cycling ". Die periode tussen seisoene word dus verkort. Merries behoort tussen 2 en 10 dae na so spuit te ovuleer. Dit is baie wisselvallig en 'n vaste KI tyd kan nie vasgestel of vooraf bepaal word nie. Dit maak die reëlins met "besige" hingste moeilik wat betref die reël van verkoelde semen. Sou die hings naby of op die perseel wees en semen ten enige tyd maklik beskikbaar wees, is hierdie metode 'n opsie.

Sou hierdie Prostaglandiene spuit binne die 6 dae na ovulasie (einde van die merrie se seisoen) geskied, behoort sy nie in seisoen te kom nie. Dit mag dan nodig wees om die spuit te herhaal na 'n paar dae. Veeartse kan 'n merrie 2 keer spuit, 14 dae uit mekaar en dan begin met die ondersoeke. Die meerderheid van merries behoort dan na 'n tweede spuit in seisoen te kom.

Goeie Fasiliteite is 'n vereiste

Indien u 'n inseminasie program op u eie perseel beplan is goeie fasiliteite 'n defnitiewe moet.

Raadpleeg die veearts wat u gaan nader vir die inseminasies en vra hom of haar wat se tipe fasiliteite hulle verkies. Die meeste veeatse verkies 'n drukgang wat spesifiek vir perde gemaak word. Dit behoort veilig te wees vir perd, hanteerder en veearts. Dit moet verkieslik onderdak wees, stof vry ,van elektrisiteit voorsien wees en beskut wees teen die wind. Die drukgang moet verkieslik van swaai deure voorsien wees, voor en agter. Onthou dat die veearts veilig moet voel agter die perd. 'n Goed opgerigte drukgang verminder die toediening van verdowings of kalmeer middels. Sodra 'n veearts onveilig voel sal 'n perd verdoof word wat die kostes dramaties verhoog. Die drukgang kan gebruik word vir soveel meer as net inseminasies. Dit vergemaklik rektaal ondersoek tydens kolieke, die plaas van nasogastriese buise, die was van perde, die spuit van moeilike perde ens.

Aangeheg is foto's en dimensies van 'n drukgang wat vir my werk maar raadpleeg u veearts

Ek verkies sye en deure met sponsopvulsel en wat oor getrek is met 'n wasbare seilstof.



#### Dimensies

Binne breedte	: 72cm
Binne lengte	: 185cm
Hoogte voor en sye	: 124cm
Hoogte agter	: 90-95cm

Wat se tipe merrie moet ek oorweeg vir inseminasie?



Merries moet hulself verkieslik al bewys het as vrugbaar. Jong merries wat al 'n vul of twee gehad het sonder enige probleme het 'n beter kans tot dragtigheid.

Temperament is ook 'n uiters belangrike eienskap. Merries wat goed hanteerbaar en kalm is ten tye van rektaal ondersoek toon definitief beter resultate en noodsaak ook nie sedasie toediening nie, wat weereens kostes dramaties beïnvloed. Sou u 'n ouer merrie wou insemineer is dit 'n goeie idee om eers die veearts te vra om haar met inwendige ultraklank te ondersoek. Sodoende kan u vasstel of daar probleme soos 'n oormaat baarmoedersiste of vloeistof retensie teenwoordig is, wat inseminasie resultate negatief kan beïnvloed. Dit is 'n goeie idee om alle merries vooraf te ondersoek om enige abnormaliteite te noteer. Heelparty merries is al so dragtig bevestig tot eienaars se verbasing.

### Voordele van Kunsmatige Inseminasie

- 1) Hingste en merries bly uit die spervuur van natuurlike dekkings.
- 2) Oordrag van siektes tydens natuurlike dekkings word verminder.
- 3) Vervoer van merries oor lang afstande word vermy.
- 4) Beter genetika, teen 'n fraksie van die koste van 'n goeie hings, kan gebruik word.
- 5) Diversiteit in jou stoet. Verseker dat merries individueel tot spesifieke hingste gepaar kan word om sodoende 'n sekere bouvorm te komplimenteer of versterk.
- 6) Veelvuldige merries kan met een ejakulaat geïnsemineer word. Hingste se "boek" of aantal dekkings per jaar word groter/meer.
- 7) Die sinkronisasie en inseminasie van veelvuldige merries het ook 'n nouer algehele vul periode tot gevolg wat 'n stoet se bestuur en beplanning vergemaklik.

### Opsomming

Preservering van hings semen in die verkoelde of gevriesde vorm, kan kostes aangaande die vervoer van merries verminder, gesondheids risikos elimineer en makliker toegang tot beter genetika verseker.

Bespreek met u veearts al die opsies omtrent sinkronisasie en inseminasie, doen 'n koste beraming saam met u veearts waar reiskostes na u perseel, verskillende protokol kostes en verwagte aanvaarbare resultate alles in berekening gebring word.

Kunsmatige Inseminasies met verkoelde semen kan aanvaarbare resultate en koste effektiewe genetiese vooruitgang in u stoet verseker.

Dr Niel Moelich kan gekontak word by 082 809 0638 of eendedamequine@gmail.com

**JANIC**  
SA BOERPERD STUD

8 STUD STALLIONS AVAILABLE

CONTACT:  
NIC JOOSTE 0829224917  
CHANTELLE JOOSTE 0834081652  
OR 087 550 1880

The advertisement features a large black horse standing in profile, wearing a blue, white, and red ribbon. Below the horse, three riders on horses are shown in an arena setting. The background is a light blue sky.

# KANNIEDOOD SA BOERPERDSTOËT



## TEELBELEID


Kanniedood SA Boerperdstoet streef na:

- ✓ KORREKTE KONFORMASIE
  - Skuins skouer
  - Korrekte bene
  - Balans
- ✓ TEMPERAMENT
  - Intelligensie
  - Betroubaarheid
  - Dapperheid
- ✓ BEWEGING WAT GROND DEK
  - Hoë en lae aksie
- ✓ EENVORMIGHEID
- ✓ STERK KONSTITUSIE
  - Gehardheid
  - Aanpasbaarheid

Basis van teling: Steenkamp, A2, Hancke

Brandmerk: KD

Kuddenaam: Stygniem



Kontak:  
 Jannie Pretorius sel 083 630 1598  
 JP Van Staden sel 082 43103679  
 Barend Robbertse sel 079 891 7225  
 Epos: [tbus@xpress.co.za](mailto:tbus@xpress.co.za)  
 Ellisras, Limpopo



Wagterperd  
 Cheslerperd

Stouperd  
 Sportperd





# JU

# *Junist Stoct* *Horses with HEARTS.....*



**Intelligent with good Temperament**  
**Quality legs & Conformation**  
**Good Height**  
**Movement, rhythm and spirit**


# *Jurust Stud* *.....as big as the WORLD*



*Jurust Brinda*



*Jurust Egge*



**Koos Oys (sm)**

**Vryheid ICIN**

**083 463 0760 / 084 504 8003**

**[juruststud.com](http://juruststud.com)**

*Jurust stud design: Peter Breyer 2012 100 10000*

# Vasvat Geduld

*A little patience goes a long*



The pleasure of owning Vasvat Geduld has not just been about the countless top achievements and honours he has received but about the pure enjoyment and special moments he has given us which are constantly looked back on and will be talked about for many years to come. One of the most classic of which was when Bridget and Geduld were waiting at the gate to enter the Bob Charter arena for the Horse of the Year Supreme Working Riding Championships in 2010 having qualified by winning the GHS open working riding championship and being awarded the Kirchoff trophy as well as being the S.A Boerperd champion working riding horse. When his name was announced as being the S.A Boerperd representative a voice next to them said in Afrikaans "is that Geduld?" Bridget turned to see a dashing young man astride a magnificent Friesian and replied "yes", he then said "but he is white!". Bridget looked at him and thought what a strange comment to make. Then another voice from behind her said again in Afrikaans "is that Geduld?", again she replied "yes" he then said "but he is white!". After a hurried exchange of words they were called into the arena and Bridget's thoughts were that these guys must be either colour blind or they had got his name

mixed up with some other horse. It was only after the class that we got to meet the two gentlemen who turned out to be none other than Jan and son Jean Van Deventer who had previously owned Geduld and gave us some history and an explanation of the colour comment which became all too clear when we saw their photos of him as a young colt when he had been bright red with a white blaze and in Jan's words "a horse you wouldn't have looked twice at!". They had not seen him for a few years but Jan Van Deventer put it perfectly when he said he had turned from "an ugly duckling into a swan". They were as shocked as we were with the transformation that had taken place but were so pleased to see him doing so well and looking so good. It was a pleasure for us to meet them both, especially since Jan had mentioned Geduld in the previous S.A Boerperd journal as "having performed well under saddle" and we have kept in touch since then. Jan also showed us a photo of the then steel grey Geduld winning the 2004 Stallion in hand at Senekal which hangs on his wall at home.

But the journey up till then and beyond has been one of perseverance, patience, hard work and total belief in Geduld which has paid off in ways we would never have believed possible.

Many people don't know and those who do still don't believe that we bought Vasvat Geduld as a pleasure horse a few years ago. Having lost our faithful thoroughbred which I had taken over while Bridget was in the U.S.A working in a top show jumping yard, I decided I needed something to replace him with just to love, fuss over and have fun on but it proved more difficult than we realised to find a suitable horse. I needed something schooled, bombproof and not too big. The search began and we travelled countrywide looking at a wide variety of breeds and had almost given up hope when we saw Geduld advertised on the web and he sounded just what I was looking for. We knew very little of the breed at that time but decided to take a chance and visit the Kemp's farm in Ermelo where we immediately fell for the Steel Grey Gelding with long flowing mane and tail and loving nature.



**But the journey up till then and beyond has been one of perseverance, patience, hard work and total belief in Geduld which has paid off in ways we would never have believed possible.**





Soon after we realised that we had not only a pleasure horse but one with potential to compete in the open world of showing but Bridget and Geduld did not bond immediately and it was battle of wills till they finally started to work together. A couple of local shows later were enough for us to decide to go straight into open showing and they achieved two reserve champions at their first show. One of the reserve champions was to the great Swanbourne Lake which ironically was the name of the trophy Geduld was awarded in 2010 for being the Gauteng Horse Society's most promising show horse of

The hard work, consistency and team work has been well rewarded in both open and S.A Boerperd shows including being the first Gelding to win the coveted Universal 3 gaited champion at the S.A Boerperd national championships, qualifying for the Supreme championships at Horse of the year in three consecutive years and the ultimate accolade being chosen for the Gauteng Adult provincial challenge showing team at the 2011 National showing championships at Parys. Another first for the breed, Geduld being the first S.A Boerperd to be chosen for a Gauteng adult provincial showing team.

We attribute his success in showing to many factors but most importantly to the following:

#### Presence

Catching the judge's eye the moment you enter the show ring is one of major importance and can mean the difference to the overall result. Standing out and being noticed gives the right impression from the start and Bridget has always prided herself in turning out Geduld and herself to the highest standard and has very rarely been brought down on turnout. Only once were they picked up on a small matter of his tail being a centimetre too long which affected the result of that class but before the next class Bridget took the judges advice, cut his tail and went on to win. Needless to say his tail is carefully measured before each show. Every attention to detail can make a difference and first impressions are what counts.

#### Consistency

To do well in showing you have to do a lot of showing, be judged by as many different judges as possible and be consistent in your performances. To reach the top in showing takes perseverance and patience and be willing to learn from other competitors and judges alike. With no formal training in showing everything we have learned has been from watching showing, listening to advice from judges and constantly trying to improve on previous results.

#### Schooling and manners

Many people have complimented Bridget on Geduld's schooling and manners in the show ring and this has been a very important contributor to his success. This was proved in a special way in an open showing show when having been placed in last place of 12 competitors after the initial round, probably due to the muddy going and heavy rain hampering Geduld's footing, was moved up to fourth place overall following the ride by the judge who having found a drier area of grass said he had given her the best ride all day, a comment that has been echoed many times by judges who have ridden him. But even the best behaved horses can have their moments and he has been known to throw a buck in the Show hunter class and even attacked an empty chip packet which blew across his path right in front of the judge which needless to say put him well out of the places. For the most part though he is always the perfect gentleman under saddle but has been known to get a little boisterous in hand but usually just enough to impress the judge with a beautiful floating trot





### Belief and trust

Having total belief in a horse from the start helps one overcome setbacks and disappointments which most people experience but we have never altered our belief that Geduld would become a great horse. Total trust between horse and rider can take years to achieve but once accomplished means that anything is possible. This was proved beyond doubt in a jumping lesson with Eric Bianci in the pouring rain when Geduld and Bridget cleared an upright jump with room to spare later measured at 1.40m.

While Geduld's major achievements have been in showing he has excelled in a variety of other disciplines coming a very close second in the Capital Management amateur elementary dressage finals in November last year and has since moved up to Elementary Medium dressage. He has been chosen to represent the South at the annual Interregional event every year since we have owned him for showing and dressage as well as showjumping and equitation.

The fact that he has been placed in every show he has competed in whether it be showing, dressage, show jumping or equitation in the last 18 months is a tribute to his talent, willingness and versatility. A true all round horse and one we will find very hard to find again, if ever.

Vasvat Geduld is taking a well-earned break this year while Bridget has a baby but will soon be back in training ready to face new challenges in 2013.

LORRAINE HADDATH



[www.keepersfontein.co.za](http://www.keepersfontein.co.za)

# Keepersfontein



Martin & Marista Campher • Ladysmith KZN • 083 620 0050  
[keepersfontein@gmail.com](mailto:keepersfontein@gmail.com)







Lin-Juan Eldorado (left) breeding stallion and sire of Schubert (below) winner of Bethlehem Endurance ride (90 km - March '09) and Winburg (90 km - May '09).



## **Kavalier** ... Stable of Excellence

Horses in our stud are bred specifically for endurance and stamina and ultimately for their exceptional temperament. Fillies are hand-raised and handled from birth acknowledging the individual's temperament and spirit.







**PARYS 2011**





**PARYS 2011**






**PARYS 2011**







**PARYS  
2011**





# Klinker S.A. Boerperd Stoet

Jan en Marieta Badenhorst



Klinker Riebeeck




Klinker Seder



Klinker Lara



Klinker Baala



*Intelligente Skoolbare Athlete*

Faks: 034 995 0036 Sel: 082 568 5762 e-pos: 1921klinker@gmail.com

Fotografie en Blad ontwerp: Dawn Harris 082 898 1060



# Klinker S.A. Boerperd Stud

Jan and Marieta Badenhorst



Klinker Bataljon



Klinker Rommel

*Intelligent Trainable Athletes*

Faks: 034 995 0036 Sel: 082 568 5762 e-pos: 1921klinker@gmail.com

Photography and design: Dawn Harris 082 883 1160





# *SA Boerperde working as Safari Horses in the Serengeti Tanzania*

Singita Grumeti Reserves is a concession bordering the Serengeti National Park in Tanzania.

Initially when we first set up the horse safaris here we bought horses in East Africa, but the only available horses were Thoroughbreds either off the track or from a polo background. These horses were not a great success as they were not very hardy and were quite flighty and not ideal for our guests.

In 2008 we decided to import from South Africa and were keen to bring in some SA Boerperde.

I set off on a horse hunt through the Freestate and up to Ladysmith. Although the SA Boerperd met our needs as far as hardiness and temperament went, it was very hard to find the bigger horses. As we cater to the European and American market we needed to get horses around 15.2 to 16hh as these riders are used to the bigger hunter types and are not keen to ride smaller horses.

One of the studs I visited was Keeversfontein Boerdery where I met Martin and Marista Campher. It was here that I finally found several very good quality and bigger SA Boerperde with good dependable temperaments. I was fortunate enough to purchase the wonderful stallion Lang Carel Rommel and 3 of his sons.

We later added 2 more horses from the Keeversfontein stud, Voorslag Dinamiet and another of Rommels sons to our herd. On this trip we found 2 other very nice but smaller SA Boerperde, 1 from Mahashi Stud and 1 from the Boschendal stud.

We also have a number of Boerperd /Friesian crosses, these also make superb safari horses as they have the Boerperd temperament but tend to be a bit bigger.

We have an all male herd, mainly geldings but we do have several stallions that all live together and work together and behave like perfect gentlemen.

Many of our guests who ride here are very impressed with the high quality of our horses and how sure footed, brave, comfortable and well mannered they are. They are fun to ride, spirited but safe, they walk out well and can work sensibly at faster paces amongst big herds of wildlife. They are very clever horses in the bush and know how to look after themselves and their riders. Real 4 x 4's of the horse world.

The other thing that impresses me with the SA Boerperd is they adapt so well to their riders.

I can put a smaller 14 year old on a horse one day and the horse will be calm and safe and then the next day I can put an experienced adult rider on the same horse and he will rise to the occasion and give a much more exciting and fun ride.

We are fortunate to be on the big East African migration route and I am still amazed at how well behaved the horses are when we canter amongst thousands and thousands of galloping wildebeest.



# Uitree-Veiling



## Lang Carel Stoet

Jan van der Wath, 'n stigterslid, raadslid, keurder en beoordeelaar van die SA Boerperd genootskap, asook eienaar en teler van een van die twee oudste stoete in die genootskap.

Die ontstaan en sukses van menige ander stoet in die genootskap is te danke aan die Lang Carel bloedlyn

Hierdie veiling bied aan enige stoet of voornemende teler die geleentheid om van hierdie uitstekende bloedlyn tot sy stoet te voeg

Die Lang Carel bloedlyn is een van die bekendste in die genootskap, met baie toekennings in verskeie dissiplines.

Stegs 'n paar 1-2 jaar ongekeurde vullens gaan teruggehou word.

Hierdie veiling vind in November plaas op die plaas Slagveld in die Utrecht distrik, Bloedrivierpoort. Datums en meer inligting sal op die webblad [www.langcarel.co.za](http://www.langcarel.co.za) beskikbaar wees vanaf 1 Augustus 2012

As ons Stoet-hings 'n kar was...



as sy nageslag karre was...



Maar...



...nou is ons stoet-hings  
**Lang-Carel Jongleur**



en sy nageslag is ...



Paardekop Rieme



Lang-Carel Zambesie



Lang-Carel Tiptol



*Aandag Boerperd Stoet*





# LANGSIG

Swellendam

Johan Langenhoven Tel: 083 3140913 / 028 5123604



# Vrystaat Plesierritte




Die Vrystaat SA Boerperd klub het 'n heerlike plesierrit van 1 - 4 Januarie 2009 gehou.

Donderdag 1 Januarie het almal by Sandhurst in die Harrismith omgewing bymekaar gekom waar William en Bonnita ons gasheer en gasvrou was. Vir 'n moedler omgewing kon mens nie vra nie. Elkeen het 'n lê-plekkie vir sy lyf gekry, sy perd versorg en daarna aangeskuif braaivleis vure se kant toe.




Vrydag vaar ongeveer 70 ruiters die berge onder William se bekwame leiding in. Blou lug, groen golwende grasvlaktes, Ouhout, stroomplies, Proteas, sandsteen en reusagtige berge maak van ons dag 'n belewenis.

Met nuwe respek vir ons perde, seer lywe en dankbaarheid in ons harte saal ons laatmiddag af. Goeie geselskap; skaap tjoppies en 'n gemotiveerde kookspan rond die dag suksesvol af.



Saterdag begin effens later en strammer! Ons ry uit op 'n korter rit en keer terug vir hamburgers en koelte. 'n Hoogtepunt is wanneer ieder en elk sy perd neem om te gaan swem in 'n lieflike groot plaesdam. Ek staan verstom oor die gewilligheid van ons Boerperde en elkeen geniet sy perd se swemmerij terdeë.

Terug by die huis besluit die jonges van gees om speletjies met hulle perde te speel en verskaf die res van ons van groot genot. Van klip in 'n emmer gooi tot 'n trippel resies en veel meer. Weereens 'n heerlike, vir sommige, grensverskuivende dag.



Die aand dis ons kookspan 'n heerlike potjie op en ons sluit die aand met 'n skreeusnaakse huiskonsert af waar elkeen 'n item lewer.

Sondag oggend hou ons Huisgodsdiens en William en Bonnita lewer vir ons hul lieflike Doma Vaquera vertoning en Spaanse dans.

Soms beland jy tussen mense en op plekke wat jy dalk ken, of moontlik glad nie en na 4 dae saam beseef jy dat elkeen jou hart geraak het en dat tyd gaan stilstaan het.

Dan beseef jy dat jou tree ligter en winniger geraak het en jou gees vol asem.



Daar was ook 'n rit by Carlien en Michiel Burger op die lieflike Rosendal. Die meeste van die tyd het daar heerlike reën geval - wat ons boerperdvriende net meer kans gegee het om lekker saam te kuier en te lag!

## Dankie vir die samesyn en my perd!



# Louwvliet

## SA Boerperd Stoet



**Ons teel vir beweging,  
temperament en  
hoogte.**

**Kontak:  
Samuel Louw  
082 465 4725  
[louwvliet@lantic.net](mailto:louwvliet@lantic.net)**



**Ons gebruik ook Boerperd  
merries as 'n basis by  
Warmbloed hingste vir  
deelsgeteelde perde.**




We believe in allowing our horses to be free in the wild for freedom ventures horses who have the ability to be all they are meant to be!

Horses who enjoy  
 • jumping, • dressage, • utility,  
 • showing, • endurance riding,  
 • pleasure riding  
 and so much more...


"His heart preserved,  
 and his gallop is freedom  
 but above all he  
 wins with his character"

Aviel Vergeles@h  
 062 254 1960  
 Nicole Engelbrecht  
 076 944 8748  
 jh@avief@yahoo.com

© 2010 De JG  
 Incubator







# Badplaas Plesierit



